Asparagus cooperi Fam. Asparagaceae

E: Wild asparagus

A: wilde aspersie

D: wilder Spargel

Die wilde aspersie is van die eerste plante wat in die ↖lente blom met klein wit sterretjies**blomme** wat lekker ruik.
↙Naldagtige **blare** groei in afstande saam in klein bondeltjies op lang, slap **takke** wat teen/in ander plante of teen heinings opwaarts groei. Teen die ou takke sit skerp, harde effens gebuigde bruin **dorings**. In lente stoot nuwe takke van onder uit ↙die **wortelstok** op en groei met houvas-ondersteuning van die ou afgestorwe takke vinnig boontoe.

Die nuwe long lote is baie sag en baie teer, breek gou af en smaak BAIE LEKKER rou of soos aspersie kort gekook. Die nuwe jong lote is so sappig, dat die water uit die breekpunt uitdrup. Die wortels dra “sakke”, waarin water opgegaar word in die groeityd om die uitloop van nuwe groei na die winter moontlik te maak. Die plant is gehard en kan in die tuin geplant word. Dit kom wyd verspreid in Namibië voor.

Inligtingsbronne: Flowering Plants of the Central Highlans of Namibia (Coleen Mannheimer

Teks en foto’s: Anka Eichhoff Oktober 2023